



SUID-AFRIKAANSE WOONWA-ASSOSIASIE **STREEK MOOIFONTEIN**



ONS GESELSIE

4 April 2014

Dagsê al die vriende,

Die winter wil so byt, byt aan ons, en hopelik sien ons mekaar sommer een van die dae rondom die warm kampvure by een van die saamtrekke. Daar is 'n hele paar veranderings soos ons belowe het, goedkoper, nader oorde wat die ander gaan vervang. Kyk gerus en maak 'n nota van die veranderings.

Lief en leed:

Aan al ons verjaarsdagmaats: Baie geluk aan elkeen wat in Maart/April verjaar. 'n Nuwe jaar, nuwe ondervindings! Mag julle geseënd wees met goeie gesondheid, vreugde, voorspoed en hope geluk.

Dit is nie net die winter wat ons byt, byt nie, die gesondheidsgoggas is ook in die omloop. Helen Dennis en Ria Liebenberg het 'n draai in die hospitaal gemaak. Ria is al weer op die been en op pad Scottburge toe vir die winter. Geniet dit en pas julle self mooi op, die lewe is kosbaar! Helen het nie so gelukkig daarvan afgekom nie. Sy moet 23ste weer onder die mes deurloop met 'n skouer operasie. Sterkte! Adam Gilfillan gaan ook 'n draai in die hospitaal maak vir 'n heupvervanging. Adam, sterkte en vat dit maar kalm daaikant.

Klein Kira Ross, die klein waaghals sonder vrees, het 'n gebreekte arm opgedoen by Koppisol. Kira, daai klein armpies moet nog baie werk in jou lewe, pas hulle maar mooi op, jong!

Henna Karsten sukkel ook nog baie met die gesondheid. Ons verstaan dit gaan nog maar voetjie vir voetjie, maar ons glo die eindpunt is volkome genesing. Geduld, suster, geduld!

Ek het 'n voëltjie hoor fluit dan René La Grange ook sukkel met rugprobleme en groot besluite hieromtrent moet neem. René, ons dink ook aan jou en glo die Here sal ook hierin vir jou leiding gee.

Ons het met groot hartseer afskeid geneem van Ouma Ina, maar 92 was 'n gesëende ouderdom, en ons het berusting oor haar heengaan. Baie, baie dankie vir elke sms, oproep, e-pos ter bemoediging wat ons ontvang het. Dit was wonderlik om die ondersteuning van vriende te voel in so tydperk.

Baie dankie ook aan die bestuur, in die besonder aan Helen wat vir my ingestaan het, vir julle hulp en bystand in hierdie tyd. Dit het nie ongesiens verbygegaan nie!

Gedagte vir die dag:

Ons moet net stil word en ons hart oopmaak vir God se leiding. Dan sal ons enige iets kan hanteer wat oor ons pad kom.

Presidente 18-21 April 2014 te Klipdraai:

Winskopie van die jaar!!!!!! Ons het verneem dat die tarief vir die paasnaweek R620 gaan wees. Die tarief vir die Paasnaweek(4nagte) is R620, maar jy kan reeds van Dinsdag af saamkamp teen R150 per nag. Besprekings moet direk by hoofkantoor gedoen word, by Juliana (011 918 0699). Gou maak, die tyd loop uit en jy weet mos: spyt kom altyd te laat. Opskud!!

Sitrusfees te Buffelspoort 30/31 Mei 2014:

Teen die tyd weet almal seker al dat Sawa onttrek het van die Sitrusfees en ons privaat besprekings moes maak vir die vier gesinne wat wou gaan. Lede wat nog steeds wil gaan, kan direk by Buffelspoort self bespreek(014 572 1000), kontak persoon is Henlo. Die koste is R820 vir die staanplek, met 20% afslag indien jy 'n ATKV lid is. Verder is 'n administrasiefooi van R61 per bespreking van krag, asook R46 toegangsfooi vir die fees. Die toegangsfooi na die fees is egter per **staanplek**, ongeag hoeveel persone.

Vriende, na verdere ondersoek het bestuur nie Buffelspoortdam geskik gevind as die alternatiewe oord vir 'n saamtrek nie. Op aandrang van lede het ons wel 'n saamtrek gereël te Dubé teen 'n naweek tarief van

R500, met die verstandhouding dat ons al 15 staanplekke sal neem. Indien nie, verhoog die tarief na R640. Komaan vriende, kom ons help almal om hierdie 15 staanplekke vol te maak, 'n lekker saamtrek te hou voor die winter ons in sy greep het. Dit is voorwaar 'n baie billike tarief, lekker naby geleë, en wat is lekkerder as 'n kuier saam met vriende. Afsnydatum vir hierdie saamtrek is 10 Mei 2014.

Gebiedsaamtrek te Warmbad 13-16 Junie 2014:

Hierdie saamtrek se koste is R900 vir die langnaweek. Besprekings kan nou reeds gedoen word.

Onverwags 25/26 Julie 2014:

Hierdie is 'n onbekende oord vir ons as Mooifonteiners, maar pragtig volgens advertensies. Pryse sal later deurgegee word.

Soetdoring 23-27 September 2014:

Nog 'n onbekende oord vir ons, maar teen 'n tarief van R200 per nag, plus administrasiefooi, klink dit na 'n winskoop so voor Kersfees. Verder inligting staan oor tot latere nuusbriewe. Let wel dat dit 'n gewone naweek is, maar gerek kan word tot 'n baie laaang naweek, vandaar die tarief aangegee as R200 per nag.

So ja vriende, die res van die jaarprogram lyk heel interessant en ons hoop om julle êrens deur die loop van die jaar iewers te sien, maar baie beslis by die AJV. Gooi al ons talente bymekaar en jy kry 'n groot verrassing! Hou gerus daardie naweek(29-31 Augustus) oop, en hou die nuusbriewe dop!!

Algemeen

1. Op aanvraag sal terugvoering oor saamtreke op 'n verlengde nuusbriewe elke maand op webwerf/facebook verskyn. Gaan maak gerus 'n draai op die web.
2. Die saamtrek te Eastco Parys was een groot sukses, maar alle eer kom Mariette Bierman toe vir haar groot aandeel hieraan. Die hamburgers was soos altyd treffend, smullek, maar Saterdag se spitbraai was uitstaande, perfek, die cherrie op die koek. Namens almal wat daar was, ook namens bestuur, wil ons net van hierdie geleentheid vir Mariette baie, baie dankie sê vir al haar moeite. Ons hoop van harte jou verjaarsdag was 'n groot bederf vir al die bederf wat jy so vrylik uitgedeel het.

Bank besonderhede:

Absa Boksborg

Rekeningnommer 023 015 6719

Kontak besonderhede: (Elize)

Sel: 082 781 4205

Faks: 086 565 3318

e-pos: elize.sawa@gmail.com

e-pos: elize.p@vodamail.co.za

Groete van wa tot wa.

Shalom

Elize